

PREEK VIR 22 MAART 2020.

Toetrede, Lied 577 *Die Heer, my herder, sorg vir my of*

Votum. Ps 23:1, 5b-6

Seëngroet. Genade, barmhartigheid en vrede word aan u geskenk van God ons Vader en van ons Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees. Amen

Lofsang. Lied 280 *Here, Redder, groot en magtig*

Wet

Efesiërs 5:8-14

8Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. 9Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is. 10Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is, 11en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak. 12Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen. 13Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val. 14En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied:

“Word wakker, jy wat slaap,
en staan op uit die dood;
en Christus sal jou lewe verlig.”

Verootmoediging

Almagtige God,

U het Jesus, ons Goeie Herder, gestuur om ons bymekaar te maak.

Mag ons nie van sy kudde afdwaal nie, maar volg waar hy ons lei,

na sy stem luister en naby hom bly,

totdat ons veilig in u huis is, om vir altyd by jou te woon;

deur Jesus Christus, ons Here, wat saam met jou en die Heilige Gees leef en regeer,

een God, nou en vir altyd. Amen.

Lied 230 *O Jesus, in u lyding*

Genadeverkondiging

1 Samuel 16:7

“Die Here kyk nie na dieselfde dinge as mense nie. Mense kyk hoe iemand lyk, maar die Here kyk wat in iemand se hart is.”

Geloofsbelydenis

Psalm 23

Voorganger: Die Here is my herder,

Gemeente: ek kom niks kort nie.

V: Hy laat my rus in groen weivelde.

G: *Hy bring my by waters waar daar vrede is.*

V: Hy gee my nuwe krag.

G: *Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.*

V: Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie,

G: *want U is by my. In u hande is ek veilig.*

V: U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk.

G: *U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.*

V: U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly

G: *en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.*

Gebed

Jesus,
Goeie Herder van die skape,
deur wie die verlore nes gesoek
en in die kraal gelei word:
Voed ons en ons sal tevrede wees,
genees ons en ons sal gesond wees,
en lei ons dat ons by u kan wee., Amen

Skriflesing. 1 Samuel 16:1-13

Boodskap

Hierdie gebeure speel af in die tyd van Koning Saul as koning van Israel. Die Here en die profeet Samuel is egter hartseer oor Saul. Hy het ontaard in 'n tragiese karakter. In Samuel 15 sê God dat Hy jammer is dat Hy Saul koning gemaak het.

In hierdie tyd stuur die Here vir Samuel om 'n nuwe koning te gaan salf. Wanneer Samuel bang is om hierdie opdrag uit te voer, omdat hy bang is Saul – wat nog koning is – sal dalk uitvind dat hy 'n nuwe koning gaan salf, verbloem die Here die werklike rede vir Samuel se besoek aan Isai.

Die Here kyk dieper

Wanneer Eliab opdaag, is Samuel oortuig daarvan dat hierdie oudste seun van Isai die verkose koning moet wees. Iemand skryf oor Eliab: "He's got future written all over him."

Vinnig kom ons egter agter dat die Here nie na dieselfde eienskappe as mense kyk nie. Die Here kyk dieper as die oppervlak – anders as mense se eerste indruk. Die Here kyk na die innerlike – dalk wil Hy wil onder andere weet hoe ons saam met mense kan huil en bid. Hy wil weet of ons 'n passie het vir geregtigheid en 'n hart vir verdwaaldes. Om hierdie rede vra die Here van Samuel om nog nie met sy soektog vir 'n koning onder Isai se seuns op te hou nie.

Uiteindelik kom al Isai se seuns wat op daardie oomblik tuis is voor Samuel verskyn, maar nie een van hulle word deur die Here aangewys as die een wat deur Samuel as koning gesalf moet word nie. Daar is 'n hele paar seuns wat Samuel as goeie kandidate beskou (op grond van hoe hulle lyk).

Onwaarskynlike kandidaat

Uiteindelik moet Samuel egter vir Isai vra of hy nie nog 'n seun het nie. Isai antwoord: "Daar is die jongste." Hy gee nog nie eers die seun se naam nie, so onwaarskynlik en onbelangrik word hierdie seun geag. Uiteindelik word hy tog geroep. Wanneer hy (ons ken steeds nie sy naam nie) opdaag, ruik hy waarskynlik nie goed nie en is hy waarskynlik ook vuil omdat hy pas uit die veld kom waar hy sy pa se skape oppas.

Wanneer hierdie seun voor Samuel verskyn, hoor hy by die Here dat dít die seun is wat hy tot die koning van Israel moet salf – ongeag hoe hy lyk, of hy nou vuil is of nie. Dit is nie die uiterlike wat die Here beïndruk nie, maar Dawid se hart wat vir die Here wys dat hy 'n koning is. Hiervoor moet Samuel nie op sy menslike logika vertrou nie, maar op die wysheid en leiding van die Here.

Uiteindelik sal ons leer dat daar beduidende verskille tussen Saul en Dawid is. Saul het indrukwekkend gelyk, maar het as koning uiteindelik nie beïndruk nie. God is veel meer geïnteresseerd in die nuwe koning se hart en karakter – wat God liefhet en dien.

Dawid word uiteindelik Israel se mees besondere koning.

Groter prentjie

Wanneer hierdie gebeure plaasvind, is Israel se toekoms duister. Die geskiedenis van Israel is by 'n ernstige draaipunt. Die eerste koning van die volk het sy kans verspeel. God het hom as koning verwerp. Die begaafde jong man, Saul, met die indrukwekkende liggaamsbou het die belangrikste ding in sy lewe verloor: God se seën vir sy koningskap. Dit was nie 'n willekeurige besluit van 'n wispelturige God nie, maar die gevolg van sy eie keuses.

Nou kom daar egter 'n draaipunt met die aanwys van 'n nuwe koning.

Boodskap

Hoe spreek die verhaal van Dawid se salwing as koning die kerk van die Here in Lydenstyd aan?

Styl van die kerk

Allereers word die styl van die kerk aangespreek. Samuel rou oor Saul en vind dit moeilik om die Here se opdrag uit te voer. Sy emosies van rou en vrees laat hom beswaar maak teen die Here se opdrag (sien opmerkings by 16:1-3).

Die verhaal fokus egter daarop dat God se wil gedoen moet word. God verstaan ons vrese, maar die koninkryk van God en sy wil is die primêre fokus van ons lewe. Die kerk kan nooit 'n ander styl hê nie, as om haar eie vrese ondergeskik te stel aan God se wil en doel nie. God stuur Samuel. God kies 'n nuwe leier.

So is God gedurig besig om mense in sy diens te stel wanneer ons nog nie eens daaraan gedink het nie. God is nie in 'n doodloopstraat wanneer ons dink dat die einde aangebreek het nie. Hy sluit telkens 'n nuwe toekoms oop en roep die kerk om Hom daarin te volg.

God kies die regte leiers

Vir die geloofsgemeenskap is dit altyd 'n krisis as daar 'n verval in leierskap kom. Die natuurlikste reaksie by ons is om so gou as moontlik die "regte" persoon te kry wat die "vakuum" kan vul. Die grootste slaggtat waarin ons kan trap, is dat ons menslike oorwegings gebruik wanneer ons kies. Dit is skrikwekkend hoe ons telkens in die geskiedenis in dieselfde slaggtat trap. Dikwels kies ons leiers op grond van uiterlike oorwegings, en kom dan met 'n skok agter wat eintlik in hul innerlike aangaan.

Samuel moes sekerlik verstaan dat die keuse van Saul op grond van sy uiterlike karaktertrekke sonder die seën van God niks beteken het nie. Tog trap hy weer in dieselfde slaggtat wanneer Eliab voor hom staan. Die verhaal gaan teen die menslike grein in.

In ons teks is dit duidelik dat God se "kyk" en ons "kyk" nie ooreenstem nie. God se keuse is dikwels "vreemd" volgens ons manier van kyk. Ons sien dit telkemale in God se geskiedenis met sy mense dat Hy die onverwagse of "vreemde" keuse uitoefen. Wie sou Moses kies om 'n volk uit Egipte te lei? Wie sou die jong Jeremia met so 'n belangrike boodskap vertrou? Nie ek nie. God doen dit wel. Volgens menslike oorwegings moet Ismael in plaas van Isak gekies word, Esau in plaas van Jakob, 'n magtige en wonderbaarlike bevryder in plaas van 'n gekruisigde Christus. In die Dawid-verkieping is God se styl om van die onbenullige iets groots te maak weer helder en duidelik.

Prof Willie Jonker skryf:

Die koninkryk van God het 'n snaakse mannekrag-beleid. Oral in die wêreld geld dit dat kragtige figure en persoonlikhede gesoek word vir die werk. Maar in God se werk soek Hy nie na die sterkste persoonlikhede en grootste presteerders nie: Hy soek juis diegene wat swak is in hulleself, selfs die armes van gees.

'n Ander teoloog skryf dat, soos in die geval van Israel, "God has magnified his mercy by choosing poor and undistinguished persons for this momentous destiny." Dawid se koningskap berus geheel en al in God se keuse, nie in die voorkoms nie.

Volg God se keuse

Hierdie "vreemde" verkiesing van God bepaal ook die styl van die kerk. In gehoorsame afhanklikheid volg die kerk slegs God se keuse, al lyk dit ook sinloos. Immers, wat in ons oë eerste is, is nie noodwendig eerste nie (Mark 10:31). Mense verwag 'n magtige bevryder uit die Romeinse onderdrukking toe hulle Jesus sien, een wat wonderwerke doen en wysheid het, maar God se wysheid en krag is 'n Gekruisigde (1 Kor 1:18-31). God se keuse is altyd vreemd.

Identiteit van die kerk

Dit bring 'n tweede aspek na vore, naamlik dat die verhaal ook die identiteit van die kerk aanspreek. Helmut Thielicke skryf dat hy dikwels in die geselskap van motoreienaars was wat die lof van hulle eie karre besing het. Die een sal oor die spoed van syne spog. Die ander sal spog oor die manier waarop sy voertuig die steil bulte hanteer. Thielicke sê dat hierdie mense hul karre as 't ware as 'n verlengstuk van hulle eie identiteit gesien het. Hulle het eintlik nie oor hul karre gespog nie, maar oor hulleself.

By 'n ander geleentheid het hy aan 'n student gesê: "Jy is 'n baie begaafde jong man." Die student het vreeslik gebloos – asof Thielicke hom geprys het. Thielicke het toe aan hom gesê: "Jy hoef nie te bloos nie, want dit was glad nie my bedoeling om vir jou te sê dat jy 'n oulike mens of 'n indrukwekkende man is nie. Ek het net gesê dat jy met *gawes* geseën is wat nie deur jou eie toedoen verkry is nie. Dit is aan jou geskenk. Daarom hoef jy nie te bloos nie!"

Met hierdie verhale kom iets baie duidelik na vore. Mense het die geneigdheid om hulle te identifiseer met enigiets wat hulle iets aan hulle prestige sal byvoeg of hulle sosiale stand sal verbeter. Hulle identifiseer hulle met hierdie dinge tot die punt waar hulle sê: "Dis wie ek is!"

Die teenoorgestelde is ook waar. Wanneer ons ware wese uitkom, naamlik dat ons ons skuldig gemaak het aan iets verskriklik, sê ons maklik: Dis nie ek nie! Dan is die omgewing waar ek grootgeword het, die oorsaak dat ek hierdie "vreemd-aan menswees" dinge gedoen het. Dan wil ek verskoon word van wat ek geword het.

Niks bepaal egter ons identiteit meer as die feit dat ons deur God gekies en geseën is nie. Nie ons sonde, mislukkings of tekortkominge nie, nie ons grade, intellektuele vermoë of sosiale status bepaal ons identiteit nie. Ons is die Here se mense omdat Hy ons gekies en gesalf het om in sy diens te staan.

Wat "gekies" beteken

Om deur God gekies te wees, kan maklik misverstaan word. Dawid staan aan die begin van sy lewe as koning in God se oë, maar die pad vorentoe sal nie eenvoudig wees nie. Hy het die kragtige werking

van die Gees in sy lewe nodig. Hierdie werking van die Gees in die lewe van mense maak hulle nie selfgenoegsaam nie. Die verkiesing en toerusting deur die Here is 'n lewenslange pad en lei tot liefde, gehoorsaamheid en diens. Saul het dit misverstaan. Israel ook.

Wanneer die evangeliste aan die vroeë kerk die verhaal van Jesus vertel, moet hulle gedurig daarop nadruk lê dat die identiteit van die kerk nie in mag lê nie, maar diens (Mark 10:35-45).

Die kerk is ook nie 'n indrukwekkende klomp mense bymekaar nie (1 Kor 1:26-31). Die kerk volg nie haar Heer op 'n pad van magsvertoon en glorie nie, maar deur die pad van diens onder beheer van die Gees. Die kerk ontvang nie die Gees sodat hulle meer "geestelik" as ander kan wees nie, maar sodat hulle mekaar met die gawes van die Gees kan dien en opbou (1 Kor 12). Deur die salwing van die Gees verbind God Homself aan gewonde mense en neem Hyself verantwoordelikheid vir die toekoms.

God bemagtig ons

Ons vind nie ons identiteit in verlengstukke van onself nie. Nee, soos die nagmaalbrood geneem, geseën, gebreek en uitgedeel word (Henri Nouwen), is mense van God se identiteit geleë in God se vreemde keuse om gebruik te maak van kleipotte wat maklik breek. Die krag wat egter alles oortref, kom van God, nie van ons nie.

Ons natuurlike talente, rykdom en mag maak ons nie 'n beter geloofsgemeenskap nie. Ons kan alleen leef onder die seën van God en in diens van ander. Bonhoeffer skryf: "Vir iemand wat dankbaar is, is alles 'n geskenk, omdat hy weet dat hy absoluut geen reg op enigiets het nie."

Luther vra 'n paar vrae oor predikante. Wat het jy in 'n predikant nodig sodat hy vir die mense aanvaarbaar is? Geleerdheid, 'n mooi stem, 'n mooi voordrag, mooi voorkoms (veral met die oog op die meisies en die vroue), en hy moet mense altyd vertel wat hulle graag wil hoor. Wat het jy in 'n predikant nodig om 'n goeie predikant te wees? Goeie uitleg, 'n helder verstand, goeie geheue (hoewel hy elders sê dat mens van 42 af jou sinne begin verloor), 'n goeie stem, hardwerkendheid, die vel van 'n olifant en dat hy van ophou weet.

Hoe word jy 'n goeie predikant? Luther sê: ten eerste deur die genade van die Heilige Gees, ten tweede deur aanvegting, ten derde deur ervaring ... ten slotte deur ywerige Bybelstudie.

Wat predikante geld, geld die kerk. Nie uiterlike dinge nie, maar die krag van God se genade, die kruisweg en 'n lewe van toewyding aan God bring ons uiteindelik uit by die doel waarvoor God ons gemaak het.

Gebed

Dankoffer

Slotsang

Seën. Numerie 6